Die Bergklub van Suid-Afrika

Gestig 1891

Stellenbosch Afdeling

Gestig 1953

Verken - Ontdek - Ontmoet - Bewaar

Posbus 152, Stellenbosch, 7599
Faks: 086 628 5477
stellenbosch@ste.mcsa.org.za
http://www.ste.mcsa.org.za

OMSENDBRIEF NOMMER 262 **LENTE (Oktober – Februarie 2011)**

"*Members are again reminded that visiting this almost wilderness property (Springstygbeugel, Hex River Mountains) is a fabulous experience. It requires no permits, and costs not much more than the petrol money required reaching the area. The walk-in is undemanding, and suitable for most ages. The Witte River offers amazing swimming pools with pristine, unpolluted water. Both Slanghoek Peak and Slanghoek Pinnacle [Berts Pinnacle] offer unique mountaineering experience*."

- John Brimble, Annual Report 2009, Cape Town Section

LEDESAKE en LEDENUUS

Die bestuur verwelkom die volgende nuwe lede: Hannetjie du Plessis, Karen Hahne en Karin Igesund (ook lid van Kaapstad Afdeling). Baie welkom terug aan Jaap de Lange.

Aansoeke tot lidmaatskap van die volgende persone is ontvang: Louise van der Merwe en Ettiene Hugo.

Baie geluk aan Gerhard en Freda van Wyngaardt met die geboorte van hul tweede dogter, Daleen.

Die bestuur het verneem dat een van ons oud lede, Pottie Potgieter oorlede is. Ons meegevoel met sy familie.

Eckart von Delft, gewese Voorsitter van ons Afdeling, en Ursula Huyssen se pa het op die ouderdom van 102 gesterf. Die Bestuur betoon meegevoel.

Ons verwelkom Pieter Diener (tesourier en lede-sekretaris) en sy vrou Elsje terug in Stellenbosch. Hulle was in Mei en Junie op toer in Europa en na die 'offisiële'' toer in groep het hulle agtergebly en op hul eie deur Switserland gereis. Daarna was hulle vir amper twee maande in Namibië en Botswana. Terloops, die finansies van die Afdeling is nog steeds gesond.

Wie onthou nog vir Dr Braam de Klerk, ou bestuurslid in die 80-jare tot met sy vertrek na Kanada ? Braam is onlangs vereer met die "*Order of Canada*" toekenning vir toegewyde en voortreflike diens aan dié land. Braam woon en werk die afgelope 21 jaar daar as 'n algemene praktisyn.

ALGEMENE JAARVERGADERING EN VERKIESING VAN NUWE BESTUUR

Die jaarvergadering van die BKSA Stellenbosch sal plaas vind op **Vrydag 12 November 2010** by die Steinmanns se huis, Jonkershoek 65. Dit is die tyd van die jaar dat ons terugkyk na al die aktiwiteite van die afgelope jaar. Ons sal met die vergadering begin om 19h30.

Let daar op dat 'n nuwe bestuur verkies moet word, party van die bestuurslede is nie langer verkiesbaar nie. Nominasie van lede moet die handtekeninge van die genomineerde, die voorsteller en 'n sekondant dra en moet ten laaste 'n halfuur voor die aanvang van die jaarvergadering skriftelik aan die sekretaris oorhandig word. Ons vra om betrokke te raak en sluit daarom reeds 'n nominasievorm by die nuusbrief in.

VAN DIE UITTREDENDE VOORSITTER

Volgens die Konstitusie moet na 'n periode van drie jaar 'n nuwe Voorsitter verkies word. Dieselfde Konstitusie maak versiening vir sewe lede – ons was nog nooit so baie nie – wat op die Bestuur kan dien. Ek doen graag 'n beroep op lede om betrokke te raak by die nominasie proses (vorm ingesluit)

vir die samestelling van ’n nuwe Bestuur. Ek sien uit om hulle te ontmoet by die Jaarvergadering op 12 November 2010 by die Steinmanns.

Terselfdertyd wil ek die Bestuur van die afgelope drie jaar hartlik bedank vir hulle harde werk en insette, sonder hulle is daar nie ’n klub moontlik nie.

Aan alle lede ’n Geseënde Kersfees en ’n vrolike nuwe jaar. Bergklim groete, Paul Verhoeven.

UIT DIE ARGIEF: DIE NAAM SPRINGSTYGBEUGEL

Daar is baie verwysings in die joernale na Slanghoek in die Hawequas, maar net ‘n paar na die naam Springstygbeugel vir die amper-driehoekige stuk grond tussen Slanghoek en Hoër Wellington Sneeukop, waarin die Kaapse afdeling ‘n kwartaandeel het. Volgens oorlewering verwys dit na ’n ou storie dat plaaswerkers van Worcester en Wellington naweke oorgestap het na hulle familie en vriende, maar iewers was daar ‘n skeur sodat dit nodig was om ‘n stiebeuel aan ‘n riem te hang en dan te pendulum tot by die ander vastrapplek. Boonop moes daar ‘n sprong gegee word om die riem te gryp en om weer af te spring. My oorlede skoonvader het op ‘n plaas Oos van Wellington grootgeword en bevestig dat die werkers naweke oorgeloop het, maar van die stiebeuel weet hy niks.

By geleentheid het ‘n paar boere van die Slanghoekvallei my gevra om vir hulle die Slanghoekafgronde van bo af te gaan wys. Ons het dit toe van die Witrivier (Wellington) se kant af gedoen, tot die groot vreugde van die manne wat onder die glurende oog van dié afgrond grootgeword het. Maar toe stel hulle voor dat ons oor die nek in die diep kloof afsak en onder ander die plek van die stiebeuel bekyk. Huiwerig, omdat nie een van ons nog daar af was nie, sak ons toe maar af, gereed om terug te draai en die langpad om te vat as dit nodig sou wees. Daar sou tog nie na al die jare nog steeds ‘n stiebeuel aan ‘n riem hang nie? Maar as die plaaswerkers in een naweek heen-en-weer loop én nog kuier ook, kan ons dit seker ook doen?

Soos ons afgesak het met die skuins, maar redelik maklike grondhange en rotsplate het ek al meer benoud geword, want iewers wag ‘n “springstiebeuel-skeur” vir ons. Nodeloos om te sê, ons is redelik maklik deur die kloof en gelukkig laai ‘n boer met sy bakkie ons by die bek op. Daar was geen teken van ‘n skeur waar ‘n swaairiem en stiebeuel nodig sou wees nie!

Maar die werkers hét oorgeloop. Watter roete sou hulle gevolg het? Dit is darem baie ver en hoog om in die Slanghoekvallei op, oor die nek, in die hele Witriviervallei af tot by die plase in Wellington en weer terug te stap in een naweek. Dit moes ook voor die bou van Bainskloof gewees het. Miskien het hulle met ‘n paadjie in die Witrivier afgestap, by Tweede Tol verby.

Drie gedagtes bly oor. Een is, vanwaar dan die naam? Twee is dat ek ‘n groot dryfhoutstomp met interessante gate en selfs ingegroeide klippe ‘n lang ent in die Slanghoekkloof afgedra het. Dit lê tot vandag, meer as 20 jaar daarna, nog by my voordeur en herinner my aan sterker dae. Die derde is dat die manne van Slanghoek weet van kuier. Minstens daardie deel van die legende het waar geword.

Bydrae van Coen Calitz

VICTORIAPIEK NAWEEK 7 – 10 AUGUSTUS 2010

Tien van ons (4 kinders ingesluit) het Saterdagoggend 7 Augustus saam met Lydia vertrek na die Dwarsbergplato met die vooruitsig van ‘n lekker ontspan naweek in ons tentjies – daar was in stilte gehoop vir bietjie sneeu, want slegte weer is vir die Sondag voorspel, maar Maandag sou weer goeie weer wees en dan sou ons veilig en maklik kon terugkeer huis toe. Saterdag was ‘n pragtige dag, ons het heerlik gestap en nes gaan skrop onder Victoria Piek op die Dwarsbergplato. Saterdagnag het dit erg begin reën en teen Sondagoggend was ‘n paar tente deurdrenk van water en daardie “inwoners” koud en sopnat – hierdie ouens het noodgedwonge besluit om eerder terug te keer huis toe aangesien daar geen kans vir droogword was nie. Ek en Liesbet was egter vuurwarm en kurkdroog in ons tentjies en het nie kans gesien om in die gietende reën op te pak en af te stap nie en het besluit om te bly. Ons het elkeen gaan inkruip in ons tentjies en vir die res van die dag in die “bed” deurgebring en heerlik boek gelees. Dit het gedurende die oggend onophoudelik gereën en die wind was maar kwaai, teen die middag het dit begin sneeu. Kommunikasie tussen ons twee was min, want ons tente was ver van mekaar en dit was snerpend koud, kuiertjies by mekaar was maar beperk. Teen Sondagaand het dit al so gesneeu dat dit moeilik was om weer jou tentjie in die donker te vind as jy by die “bure“ gaan kuier het.

Maandag het aangebreek en van die voorspelde mooi weer was daar niks te sien nie – ons het eerder in 'n yskoue, baie mooi, spierwit omgewing wakker geword en nog dieper in die "bed" ingekruip as die vorige dag. Buite rondloop was buite die kwessie, alles was sopnat en yskoud en as jou voete eers koud was van 'n vinnige besoek buite het jy gesukkel om hulle weer warm te kry. Teen laatmiddag het die reën bietjie opgeklaar, maar daar was nog donker wolke in sig en ons het besluit om eerder nie die kans te waag om af te kom nie en om nog 'n ekstra nag oor te bly, dit was in elk geval nog bitter koud en het later weer bietjie gereën. Teen hierdie tyd het ons al mekaar se boeke begin lees! Ons kos was teen die tyd al redelik beperk – nie een van ons het 'n ekstra aandete en ontbyt ingepak nie en beide van ons het deur die nag rasend honger wakker geword en begin knibbel aan die orige "snacks".
Teen Dinsdagoggend was die son uit en kon ons oppak al was daar 'n baie sterk wind wat die afklim by Bergriviernek gevaarlik gemaak het. Na 'n kort entjie op die kontoerpad het Lydia ons van voor af tegemoet geloop met ontbyt indien ons al rasend sou wees van honger. Dankie Lydia vir jou moeite! Ek het verseker hierdie naweek terdeë geniet, maar is baie bly vir 'n goeie tentjie, warm slaapsak en die goeie geselskap.

Bydrae van Louise van der Merwe

Ons kan almal 'n paar lesse leer uit hierdie voorval. By 'n oornaguitstappie in die winter kom jy altyd goed toegerus wat klere, tente en ekstra kos betref. Uiters koue weer was voorspel en Liesbet en Louise (aansoeker) het die regte ding gedoen: uitsit tot die weer verbeter! Hulle kon dit net doen omdat hulle voldoende en die regte toerusting saamgedra het. Die leier sal in die toekoms meer moet let op die toerusting en die vermoëns van lede, gaste of aansoekers wat wil saamstap. In geval van enige twyfel of vermoede sal die leier persone weier om saam te stap.

(Nota van die Bestuur)

BYDRAES VIR DIE VOLGENDE OMSENDBRIEF

Die omsendbriewe is daar om van julle avonture te hoor. Stuur jou bydraes aan die bestuur,. adresse agterop. Die afsnydatums vir bydraes vir die Somer uitgawe van Omsendbrief, No 263, is 15 November. Die beoogde datum van publikasie is einde November 2010.

GESINSUITSTAPPIES

Lydia Cilliers het laat weet dat hierdie jaar se Gesinsuitstappies se fotos beskikbaar is by:
http://mcsa.org.za/cpg/thumbnails.php?album=73

Verder wil sy graag weet of daar nie lede met klein kindertjies is wat belangstel om Gesinsuitstappies te lei nie aangesien haar uitstappies nou 'n ouderdomsbeperking het. Tans is die >7, maar sal nou elke jaar meer word... ;-). Lydia het nou al 4 jaar + se ondervinding met Gesinsuitstappies, so kontak haar gerus by <lydiac by telkomsa.net> vir "Hot Tips" oor wat werk, en wat nie en oor waar lekker plekke is om te gaan stap.

ALGEMENE BERGNUUS en DAGBOEK

- Die Afdeling Vrystaat sal die 2011 Nasionale Bergkamp (Minikamp) aanbied van 10 - 16 April 2011 in die Qwaqwa area.
- Die aangepaste stapprogram van die Afdeling Tygerberg is nou opgelaai by http://tyg.mcsa.org.za/Program%202010.pdf Gaan kyk ook gerus na die nuutste fotos op hul webwerf: Transkei Wildekus.
- South African, Mike Horn, and Swiss mountain guide, Köbi Reichen, reached the summit of Broad Peak via the normal route without the use of additional oxygen at 2am local time on Saturday 17 July. It is Mike's third 8000er after Gasherbrum I and II, and Kobi's fifth after Cho Oyu, Shisha (speed climb on the south face), Makalu and Kangchenjunga. Mike has plans for K2 now. http://www.explorersweb.com/everest_k2/news.php?id=19508
- The iKapa Honorary Rangers are hosting an exciting one day Beginners' Bird Identification Course on Saturday, 23 October 2010. The course will be presented by Ass Prof Peter Ryan of the FitzPatrick Institute for African Ornithology, University of Cape Town and author of *The Complete Photographic Field Guide to the Birds of Southern Africa*. Time 09h00 for 9h30 – 16h00. Venue: Molecular Biology Building, Lecture Theatre 1, UCT. Bookings: Amanda Bourne, bourne.amanda_by_gmail.com or 083 440 2081.

- Sentrale bestuur het 'n oproep vanaf die President van *The Alpine Club of Pakistan*, ontvang om die vloedslagoffers in die valleie van *Gilgit Baltistan* finansieel te ondersteun. Kontak die Voorsitter of die MCSA sekretaris Gerhard van Wyngaardt by secretary_by_mcsa.org.za indien jy geroepe voel om 'n bydrae te maak.

- **Mera piek Oktober 2010**: 10 lede van ons Afdeling saam met twee lede van andere Afdelings, gelei deur Herman Du Plessis, is oppad Nepal toe om Mount Mera (6476m) te gaan uitklim. Die groep word begin November terug verwag. Die Bestuur wens die groep alle sukses toe.

- Indien jy nie met ons Afdeling na Mount Mera in Nepal kon saamkom nie, hier is die eerste aankondiging van die volgende ekspedisie Himalajas toe geïnisieer deur lede van die Bergklub, Kaapstad Afdeling.
  Pumori expedition April 2011: *Chris Goodwin, Mark Middleton, Owen Middleton and Greg Wessels plan to climb Pumori (7161m), located on the Nepal/Tibet border just 8km west of Mount Everest. Their summit attempt will be via the Standard Route on the South East Ridge, a grade 3 snow and ice climb that requires a good understanding of alpine climbing techniques and familiarity with the effects of high altitude. Dates are set for a 31 March 2011 departure, with the expedition returning 35 days later on 6 May. While the expedition will be organized on the ground by Shangri La Treks and Expeditions (Jiban Ghimire, the owner and high-altitude guide, comes with a good reputation having organized a number of other MCSA expeditions to the area), the idea is to be self-sufficient after base camp. Team members will therefore need to have established a climbing partner for the summit as it will not be a guided ascent (although it is possible to hire a high-altitude guide if required). Costs for the expedition, excluding the purchase of any additional gear required and food for the high camps, will run at between USD 5000-7000 per person depending on how many climbers sign onto the 7-person climbing permit. Return flights to Kathmandu are in the region of ZAR 10 000. Contact Chris Goodwin (chris_*by*_activeafrica.co.za) for more information.*

- CAPETONIAN KILLED IN EVEREST CRASH (25 Aug 2010 | Source: iol.co.za): Capetonian Jeremy Taylor, 31, was to fulfill a lifelong dream to climb Mount Everest. However, he and 13 others died when the private Agni Air passenger plane went down near Shikharpur village about 80km south of Kathmandu. The Dornier 9N-AHE belonging to Agni Air flight took off for Lukla of Solukhumbu from Kathmandu at 7:05 and was diverted back to Kathmandu after failing to land there due to adverse weather conditions. The aircraft lost contact with the airport terminal at 7:26. According to reports, the pilot had reported generator failure en route to Lukla and decided to return, but the backup generator also later failed. Generator failure would mean the plane would have lost its cockpit avionics and would be effectively flying blind in rugged terrain and bad weather.

- Ons het berig ontvang dat David Davies, gebore 24 Februarie 1960, op 6 September oorlede is na 'n lang geveg teen hoofkanker. David was een van Suid-Afrika se voornemendste klim-

mers, met onder andere *first ascents* op Paine South Tower in Patagonia and Urkinmang in die Jugal Himalaya. Baie van ons lede ken vir David via sy Mountain Mail Order maatskappy.

- Toegang tot Jan du Toitskloof vir Oktober tot Mei 2011. Die toegangskomitee van die Kaapstad Afdeling het met *CapeNature* en die *Cape Piscatorial Society* (CPS) 'n nuwe ooreenkoms getref vir toegang tot Jan du Toitskloof vir lede. Die Bergklub kan twee besprekings per maand ontvang op die volgende voorwaardes: (1) 'n maksimum van agt lede per bespreking word toegelaat, (2) die eerste twee weke van die maande Oktober tot Mei (Die kloof is gesluit tydens die wintermaande), (3) permitte sal deur die BKSA kantoor in Kaapstad uitgereik word, (4) besprekings via die gebruiklike kanale moet nog steeds deur CapeNature eers goedgekeur word.
- iKapa Honorary Rangers are hosting a Beginners' Bird Identification Course on the birds of the south-western cape on Saturday, 23 October 2010. The course will be presented by Associate Professor Peter Ryan of the FitzPatrick Institute for African Ornithology and author of The Complete Photographic Field Guide to the Birds of Southern Africa. Space is limited so book early! For more information or to book please do not hesitate to contact Amanda Bourne, iKapa Honorary Rangers, 083 440 2081, bourne.amanda_by_gmail.com.

KLIMPROGRAM: OKTOBER 2010 tot FEBRUARIE 2011

ALLE DEELNEMERS:

- Deelname aan alle uitstappies geskied **op eie risiko**.
- Bel asseblief die leier voor elke uitstappie om plek te bespreek.
- Sluitingsdatum gewoonlik een week voor datum, in geval vir permit aansoek.
- Die tye op die program aangedui is vertrektye, kom asb. 10 minute vroeër.
- Indien jy twyfel oor die moeilikheidsgraad van die uitstappies, bel die leier vir meer inligting.
- Dit is die leier se verantwoordelikheid om te sorg dat nie-lede R20 vir deelname per uitstappie betaal.
- Nie-lede betaal die volle permitfooi. Die klub voorsien permitgelde slegs vir lede binne die begroting.
- Persone wat kanselleer na die sluitingsdatum sal vir permit koste aanspreeklik gehou word.
- Die byeenkom plek vir uitstappies is voor die US Elektroniese Ingenieursgebou ingang (parkeerterrein oos van die Ingenieursgeboue uit Banhoekweg), tensy anders vermeld.
- In geval van slegte weersomstandighede kan die leier besluit om 'n uitstappie te kanselleer.
- Lede met **Wildcards:** laat weet leier vooraf en bring saam op die uitstappies.
- **Noodhulp:** Dit is elke lid se verantwoordelikheid om basiese noodhulpbenodighede in te pak en leier in kennis te stel van enige mediese probleme.

AANDAG LEIERS:
Stuur asb. 'n verslag aan die bestuurslede vir klimprogram, omsendbrief en aan die voorsitter (e-pos adresse op die agterblad van die omsendbrief). Leiers moet ook toesien dat die gastefooi van R20 per gas aan die tesourier betaal word, die Konstitusie vereis dit.

SATERDAG 9 OKTOBER: WERKSDAG ZEEBASBERG
Verwyder indringers op Stellenbosch Afdeling se eiendom. Bel leier.
Leier: Gerhard van Wyngaardt, 021-696 3287h (voor 21:00 asb) of 083 233 4927
Vertrek: 7:00 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou
Bydrae vir brandstof: Bestuurders sal vergoed word

SATERDAG 16 OKTOBER: SWARTBOSKLOOF-SOSYSKLOOF
Roete met mooi lente blomme, Sosyskloofwaterval en uitsigte oor Jonkershoekberge.
Leier: Dieter Steinmann, 021-886 6043h
Permit: Onthou die Wildcards! Gaste betaal R30
Vertrek: 7:30 vanaf die Jonkershoek hek
Bydrae vir brandstof: R10

NAWEEK 23-24 OKTOBER: TWEELINGPIEKE, JONKERSHOEK
Halfspoed. Kinders 7 en ouer welkom. Bring tente.
Leier: Lydia Cilliers, 021-876 4461h
Vertrek: 8:00 vanaf die Jonkershoek hek

NAWEEK 6-7 NOVEMBER: GESINSNAWEEK, KROMRIVIERHUT
Bring boogsaag en handskoene as jy lus is om te help dennebome saag. Onthou om hutgelde saam te bring (R20 lede, R40 aansoekers/gaste, R10 kinders).
Leier: Lydia Cilliers, 021-876 4461h
Ontmoet: 9:00 bo-op Dutoitskloofpas

SATERDAG 13 NOVEMBER: BOSKLOOFRIF
'n Klouter roete met mooi uitsigte oor die kus. Bel leier.
Leier: Wim Morris, 082 321 8774
Vertrek: 7:00 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou
Bydrae vir brandstof: R35

NAWEEK 20-21 NOVEMBER: HUTCHINSON'S BUTTRESS, DRAKENSTEINBERGE
Slaap bo in Duiwelskloof. Fiksheid vereiste. Bel leier.
Leier: Teuns Kok, 021-887 8278h
Vertrek: 14:00 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou
Bydrae vir brandstof: R20

SATERDAG 27 NOVEMBER: WEMMERSHOEKPIEK
Lang dag. Fiksheid vereiste. Bel leier.
Leier: Herman du Plessis, 082 579 5822 of 021-876 4321h
Ontmoet: 7:00 by 12 Van Riebeeckstraat, Franschhoek
Vertrek: 6:15 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou
Bydrae vir brandstof: R30

NAWEEK 16-19 DESEMBER: SUIDELIKE SEDERBERGE
Halfspoed. Kinders 7+ welkom. Getalle beperk. Bel leier voor 9 Desember.
Leier: Lydia Cilliers, 021-876 4461h
Ontmoet: 10:00 by Sandfonteinafdraai

NAWEEK 15-16 JANUARIE: SLANGHOEKPIEK & AFGRONDE
Stap langs die Witterivier. Swempoele en dramatise uitsigte! Bel leier.
Leier: Paul Verhoeven, 021-887 4113h of pfmv_by_sun.ac.za
Vertrek: 7:00 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou
Bydrae vir brandstof: R45

SATERDAG 22 JANUARIE: KALKBAAI OMGEWING
Eggo-vallei na Klein-Tuinkop (met 'n kort klouter roete na bo) en terug met die pragtige boomryke Spes Bona vallei. Bring swemklere en geld vir iets te eet/ drink na die tyd.
Leier: Nico Holtzhausen, 021-715 2408h
Ontmoet: 8:00 in Kalkbaai

SATERDAG 29 JANUARIE: WOLWEKLOOF, FRANSCHHOEK
Halfspoed. Kloofstap en klipspring. Lekker poele. Kinders welkom.
Leier: Lydia Cilliers, 021-876 4461h
Ontmoet: 8:30 op Robertsvallei
Vertrek: 7:30 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou
Bydrae vir brandstof: R30

NAWEEK 29-30 JANUARIE: VOLSTRUISKLOOF
Kloofstap met waterval abseils. Bring abseil toerusting. Fiksheid vereiste. Bel leier.
Leier: Teuns Kok, 021-887 8278h

Vertrek: 13:00 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou
Bydrae vir brandstof: R20

SATERDAG 5 FEBRUARIE: DWARSBERGPLATO TOER
Plato toer met disas, swempoele en besoek aan "Hauptfleish se grot".
Leier: Jaap van Wyk, 021-887 5335h
Permit: Onthou die Wildcards! Gaste betaal R30
Vertrek: 7:00 vanaf die Jonkershoek hek
Bydrae vir brandstof: R10

NAWEEK 12-13 FEBRUARIE: GROOTHOEKKLOOF
Kloofstap met waterval abseils. Bring abseil toerusting. Fiksheid vereiste. Bel leier.
Leier: Retief Jordaan, 023-356 2226h
Vertrek: 5:30 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou
Bydrae vir brandstof: R100 + R80

NAWEEK 19-20 FEBRUARIE: HAELHOEK, WEMMERSHOEK
Halfspoed. Kinders 7+ welkom. Bring tente en swemgoed.
Leier: Lydia Cilliers, 021-876 4461h
Ontmoet: 8:30 by Wemmershoekdam se hek

SONDAG 27 FEBRUARIE: KERKDIENS, TAFELBERG
Jaarlikse kerkdiens op Tafelberg by Maclear se baken. Roete sal afhang van wie saamstap.
Leier: Paul Verhoeven, 021-887 4113h
Vertrek: 7:00 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou
Bydrae vir brandstof: R45

SATERDAG 5 MAART: CASCADES, DU TOITSKLOOF
Klim 'n reeks watervalle met mooi swempoele. C klim en geen hoogtevrees. Bel leier.
Leier: Brian Brock, 021-797 1901h
Vertrek: 7:00 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou
Bydrae vir brandstof: R45

NAWEEK 19-21 MAART: DIE HEL, GROOT WINTERHOEK
Halfspoed. Kinders 7+ welkom. Bring tente en swemgoed.
Bel leier voor 4 Maart vir permitdoeleindes.
Leier: Lydia Cilliers, 021-876 4461h
Ontmoet: 8:30 by Dasklippas se afdraai

SATERDAG 26 MAART: PIEKE, JONKERSHOEK
Langrivierkloof-Nerinakloof vir die Nerinas. Lang dag. Fiksheid vereiste. Bel leier.
Leier: Peter-Jan Randewijk, 021-883 8592h
Permit: Onthou die Wildcards! Gaste betaal R30
Vertrek: 7:00 vanaf die Jonkershoek hek

UITSTAPPIEVERSLAE

Rifberg – Katedraal, 23 Mei 2010

Pragtige dag in die berge. Synde ons in die omgewing was, het ons die Pieke eerste uitgeklim. Dit is gedoen langs die lys wat Ernst Lotz in sy boek beskryf as die Langrivierkloof-Paddagat variasie. Vanaf die Pieke het ons die oorgang na Rifberg gedoen. Waar jy vanaf die Banhoek kant die bokant van die linkerkantse tak van Langrivierkloof benader, het ek vreemd genoeg 'n verroeste hoefyster teen die helling sien lê. Hoe dit daar gekom het sal nugter alleen weet. Die hoefyster is teen op die rotswand, in die gepaste oriëntasie, staangemaak. Iets om dalk voor uit te kyk wanneer daar weer verbygeklim word.
Die klim op, oor en af teen Rifberg was weereens besonders, maar mens moet liewers nie te ver vorentoe óf terugkyk nie. Die roete is goed gebaken en begaanbaar, maar op 'n afstand kan mens wonder oor die "hoe" en die "waar". Ons het wel op plekke paar bakens gepak net om die wonder

minder te maak. Gelukkig het laasjaar se vuur nie orals bygekom nie en daar was nog genoeg bossies en gras om aan vas te hou as dit moet. Bo-op die Katedraal kon die piekboekie en/of stempel wel nie by die baken gevind word nie.
Die roete af na Bergriviernek is hier en daar weer bakens gepak. Sit-sit moet nog steeds sit-sit benader word. Vanaf Bergriviernek is ons met die kontoerpad terug na die onderpunt van Langrivierkloof.

(Coos Diener)

Pieke, 29-30 Mei 2010

Hierdie uitstappie het nie kon plaasgevind nie weens geen toestemming vanaf Jonkershoek se Natuurbewaringskantoor nie.

(Teuns Kok)

Simonsberg, 5 Junie 2010

Uitstappie verslag uitstaande.

(Peter-Jan Randewijk)

Rivierhuis, Olive Glen plaas, Paarl, 12-13 Junie 2010

Die bestuur het die klubhuis van die Paarl-Wellington Afdeling (die Rivierhuis op die plaas van Bruce en Avril Powrie) bespreek vir 'n naweek in die Klein-Drakensteinberge. Aanvanklik was daar vroeg belangstelling onder lede en nie-lede maar namate die naweek nader het iedereen laat afsê. Dit het beslis gereën daardie naweek en FIFA se Wêreld Beker het pas begin. Dit was net die voorsitter, sy vrou en 'n gas wat oornag het. Saterdagaand het ons gebraai en het Bruce en Avril ons kom geselskap hou met pizza-brood bak.

(Paul Verhoeven)

Breekkrans, 16-20 Junie 2010

Die drif waardeur ons moes ry Suurvlakte toe het weereens verspoel. Gelukkig kon ons op no99 'n gewillige chauffeur reël om ons met sy 4x4 op alternatiewe agterpaaie tot bo-op die besneeude Suurvlakte te ry. Luuks!! Ons is op in Apex se rigting. Die beoogde kampvlakte was te ongemaklik nat en het Tian ons oorreed om in Apex se grotjie te gaan slaap. Briljante plan! Net jammer die yskoue wind het in die skuiling ingewaai. Theuns het platform gebou sodat ons darem plat kon slaap. Liesbet kon selfs haar tent in die grot opslaan! Donderdagoggend het 'n koel sonnetjie ons begroet en die wind het nog steeds gewaai. Op Tian se versoek het drie van ons met koue, stywe vingers en voete tot by die baken geklim. Die sneeubedekte uitsigte met 'n spierwit Sneeuberg wat bo alles uittroon, was beslis die koue werd. Ons is af na die vlakte aan Breekkrans se kant waar ons tevergeefs probeer het om 'n windstil kampplek te eien. Na middagete het ons Breekkrans geklim en het eers skemer weer by die tente gekom vir nog 'n windverwaaide nag. Vrydag is ons aan die noordekant om Breekkrans en raai wat: die wind het nog erger gewaai. A.g.v. 'n kindermuitery het ons die Breekkransrif gelos vir 'n volgende geleentheid en het weereens Breekkrans geklim met Tian se variasie op die laaste 'trajek'. Die onderhandelinge het bepaal dat ons kamp sou verskuif na Spocks Rock. En die wind het nog steeds gewaai. Saterdagoggend, toe die wind nog steeds nie gaan lê het nie, het die muitery 'n hoogtepunt bereik en is ek na ontbyt op na die naaste, hoogste kop om die gewillige chauffeur te ontbied. So teen vieruur die middag het die chauffeur ons verwelkom met heerlike warm worsbroodjies. Net jammer dit het nie Sondag gereën om die kultuurskokke te verlig nie! BAIE DANKIE aan ons gewillige chauffeur!!!

(Lydia Cilliers)

Fonteintjiesberg, 9-11 Julie 2010

Ons het gekry waarvoor ons gehoop het! Vrydag het ons in warm weer opgestap Thomashut toe. Die wind het al sterker gewaai. Saterdag het dit liggies by die hut begin reën. 16 mense in die hut kan beknop raak! Dit het drie van ons gedryf om Fonteintjiesberg te gaan klim waar dit oppad begin sneeu het. Teen die aand het dit sowaar by die hut begin sneeu sodat al die kinders Sondagoggend in die sneeu kon baljaar terwyl dit nog sneeu. Daar is sneeuman gebou, slee gery en sneeugevegte gehou totdat die hande te koud geword het. Oppad af het ons net voor Lemoendraai uit die sneeu uitgeloop en kon darem in sonskyn middagete eet. Perfek!

(Lydia Cilliers)

Grassy Dome via Kromrivier, 17 Julie 2010

Saterdag 17 Julie was 'n helder-skoon dag na die vorige twee dae se aanhoudende reën en koue weer. Al vier van ons (3 lede en 1 besoeker) was opgewonde want die dag blyk belowend. Vanaf die Kromrivierhut het ons op geklim en die baken van Kromrivierpiek om 10:15 bereik. Ontbyt eers klaar, het ons oor die vlaktes gestap in die rigting van Slanghoekpiek, wat so helder uitstaan met sy ligte bedekking sneeu. Twee valleie wat in ons pad lê, kruis dwars oor hierdie vlaktes. Ons het vroeër besluit om nie die dag te lank te maak nie – dus was die Grassy Dome ons oogmerk. Grassy Dome se baken was om 12:45 bereik. Ons het bykans 'n uur op die kruin ontspan – oorkant die Breëriviervallei in die verte was al die Hex pieke vonkelend wit in die sonlig. Om 14:00 was ons op pad terug – by die tweede vallei het ons in 'n suid-westerlike rigting beweeg na die Agter Wittebergvlakte, verby die bodele van Kromrivierkloof en af in die volgende vallei tot waar die Cascades roete eindig. Die paadjie om die Kromrivierkoepel bring ons terug by die hut om 16:30 amper aan die einde van 'n perfekte dag.

(Brian Brock)

Klipspringerroete, Jonkershoek, 24 Julie 2010

Hoewel die verslag nog nie ontvang is nie, was daar 'n baie grote opkoms vir hierdie gewilde uitstappie.

(Jaap van Wyk)

Haelkopskeure, 31 Julie 2010

Die rustige opstap na die Haelkopskeure was vinnig en geselserig. Daar gekom is die skeure beloer en bekruip. Party het vasgesit en die res het bespiegel oor of dit middellywe of borskaste is wat die manne so laat vassit! Paul het 'n tou opgesit en 'n paar eerste abseilers het met groot genot in die skeure af geabseil en daarvandaan verder verken. Daarna het die wind koud geword en is ons fluks huis toe!

(Wim Morris)

Victoriapiek, Dwarsbergplato, 7-9 Augustus 2010

Dit was (in Tian se woorde) 'n rampspoedige naweek! Sommige deelnemers se onvoldoende toerusting vir die voorspelde weersomstandighede het ons genoodsaak om Sondagoggend in reën en stormwind op te pak en af te stap. En boonop was die stroom by Tweede Waterval 'n bruisende watermassa toe ons daar aankom. Party wou nie wag nie en gevolglik is hulp ontbied in die vorm van Wim Morris en 'n tou etc. (Dankie, Wim, Teuns en Dries!). Ongelukkig sou ons later uitvind daar is ander hulp ook ontbied: Metro, die brandweer, WSAR – die tutti! Baie interessant vir die kinders, maar groot lastigheid vir Cape Nature en die BKSA. Liesbet en Louise het op die Dwarsbergplato agtergebly met die oog op beter weer later. Toe hulle Maandagaand nog nie uit is nie en niks laat weet het nie, het ons Dinsdag 8h30 'n redding met die hulp van Cape Nature en Skymed geïnisieer. Gelukkig het Teuns 'n uur later met Liesbet kontak gemaak en was hulle veilig en oppad af. Liesbet se les: moenie sonder jou bril in die donker vir iemand gaan kuier nie!

(Lydia Cilliers)

Tafelberg, 15 Augustus 2010

Uitstappie verslag uitstaande.

Werksdag, Zeebasberg, 21 Augustus 2010

Dit het nie plaas gevind nie weens slegte weer.

(Gerhard van Wyngaardt)

Duiwelspiek, 28 Augustus 2010

Jaap van Wyk het die uitstappie gekanselleer weens slegte weerstoestande.

Tweede waterval, Jonkershoek, 4 September 2010

Ons (die Cilliers familie, 2 lede en 2 aansoekers) het rustig gestap en baie gesels. Dit was lekker.

(Lydia Cilliers)

Piketberge, 11-12 September 2010

Sewe lede en één gas ontmoet by die *Total* petrolstasie langs die N7 in Piketberg. Die petrolstasie is 24 uur oop met 'n nagwag een kar word daar parkeer om met 'n minimum voertuie oor die Versfeldpas na *Burglers Post* plaas (van J Ince) te ry waar ons stap begin. Eers langs plaaspaaie deur Protea plantasies en later op 'n Jeep track bring die geselskap dadelik in waterhoudende valleie

suid van Zebraskop (1458m). 'n Idilliese kampplek langs klein watervalletjies met natuurlike baddens is geïdentifiseer, vyf tente verrys op verskillende terrasvlakke. Twee van die mees volwasse dames verkies egter die oorhang/grot wat ook as kombuis en geselsarea benut word. Menige kommentaar oor kos en kook word uitgespreek. Party se kookvernuf is nie so suksesvol nie wat gelei het tot pannekoek-met-suiker bedelary.
Sondag het vyf van die groep via die suidelike helling tot op Zebraskop (1458m) se baken gestap. Blykbaar was Zebraskop nie hoog genoeg nie en één was die mas op! Eers nog Noord gestap om Piketberg se Toring en ander wonderlike uitsigte te bewonder. Vervolgens het ons vanaf Zebraskop in 'n Oostelike rigting afgeklim om Noordwaarts te kontoer tot aan die voet van die Toring. Al vyf het die Toring uitgeklim. 'n Tou is as beveiliging gebruik. Na 'n twee-en-half-uur se onderonsie met die Toring het twee water gaan haal vir die hele geselskap. Met dieselfde pad terug in Suidelike rigting na ons kampplek vir 'n laat-namiddag koffie/tee (vir sommige was dit 'n laat middagete) en dan terug na die plaas *Buglers Post*. Ons was eers 20:30 terug by die kombi. Ongelukkig te laat vir Piketberg se Spur langs die N7.

(Paul Verhoeven)

Katedraal, 18 September 2010

Peter-Jan rapporteer dat die opkoms (4 bergklublede + een gas) nie te wonderlik was nie maar die veld te pragtig. Sien die foto's op *Facebook* http://www.facebook.com/album.php?aid=212524&id=695067005&1=44a7e1ce32

Klein Swartberge - Towerkop BKSA nasionale kamp, 18-26 September 2010

Die 125ste verjaarsdag van die eerste opgetekende rotsklim in Suid-Afrika is deur die Bergklub gevier met die aanbieding van 'n nasionale minikamp op Bob Reinecke se plaas in Ladismith aan die voet van Towerkop. Die eerste rotsklim was die beklimming van Towerkop (die westelike koepel) deur Gustaf Nefdt. Minstens ses lede van ons Afdeling het die verrigtinge bygewoon uit 'n totaal van oor die 100 inskrywings. Vier lede was op Seweweekspoortpiek (2325m) die hoogste berg van die Wes-Kaap. Twee lede het die vierdag dwarsstap van Seweweekspoortpiek na Towerkop voltooi. Dieselfde twee lede het daarna die westelike en oostelike koepel van Towerkop (2189m) geklim. Afstammelinge van lokale klimlegendes is tydens die verjaarsdagdinee vereer.

(Paul Verhoeven)

Tydens die verwelkoming het Urs Huber, een van die organiseerders, ons verseker dat byna elke uitstappie op hierdie Mini-kamp met "one helluva slog" gepaardgaan. Deels is dit waar, maar tog het die majestueuse Klein Swartberge ons betower met al sy glorie en kleur.
Ons het Seweweekspoortpiek beleef in die sonskyn, ysreën, mis en ligte reën en daarmee saam die magiese oorverdowende stilte, Karoo-vergesigte en plooiberge waardeer tussen stowwerige grotte en verskuilde waterbronne.
Die betowering van Towerkop se oranje-bruin kranse, mesrûe, riwwe, lysies en skeure is vervolmaak met die rustige geklingel van rotsklimtoerusting ver bo ons koppe. Lente fynbosprag en manjifieke sonsondergange het die beeld volmaak afgerond.
Die geskiedenis het lewend geword met seuns en kleinseuns van plaaslike bergklimlegendes soos Nefdt en Nel wat die laaste aand se dinee bygewoon het. En na 'n week kon ek soos die Griekwa-psalmis sê: "My siel is nou in my lyf in t'rug."

(Sonja Wend)

Olifantsrivierkoepel, 24-26 September 2010

Met ons motors geparkeer onder die eikebome en wakende oë van 'n paar skape op die plaas, stap 6 van ons Vrydagoggend in die Koue Bokkeveldberge in. Dit lyk asof daar nie meer gereeld mense hier kom nie, want die paadjie wat 8 jaar gelede nog redelik duidelik was, is nou baie dof. Vroeg middag bereik ons die waterskeiding vanwaar ons 'n uitsig het na Olifantsrivierkoepel, die doelwit van die naweek. Ons slaan hier tent op langs 'n stroom. Na 'n koel nag met selfs 'n paar reëndruppels lewer Saterdag ideale bergklim weer, nie te warm nie met hoë wolke. Die roete kronkel heen en weer verby indrukwekkende rotstorings, wat sommige van ons eers moes klim. Dan moet mens eers redelik ver af voor jy weer kan op na die Koepel met een of twee klouter bewegings om die laaste stukkie interessant te maak. Terwyl ons middagete nuttig op die kruin met 360° uitsigte, bekyk 'n bok ons vanaf die kruin van Agtuurkop langs aan. Terug by die tente is ons bly dis 'n langnaweek wat beteken ons hoef nie nog haastig uit te stap nie. Ongelukkig is dit Sondagoggend mistig met dreigende weer wat ons laat afsien van die plan om die Drie Koppe oppad uit te klim. Dalk volgende keer.

(Hans Scheffler)

IN WATTER KATEGORIE VAL JY ?



NOMINASIEVORM INGESLUIT

Gebruik asb die bygevoegde nominasievorm om lede tot die Bestuur van jou Afdeling te benoem. Die genomineerde asook die voorsteller en sekondant moet minstens twaalf maande lid van die Afdeling wees.

DIE BESTUUR VIR 2009/2010

Voorsitter	Paul Verhoeven	021 887 4113 (h)	voorsitter by ste.mcsa.org.za
Onder-voorsitter & Bemarking	-- Vakant --		
Lede sekretaris & Tesourier	Pieter Diener	021 887 2265 (h)	lidmaatskap by ste.mcsa.org.za
Sekretaris	Wim Morris	082 321 8774	sekretaris by ste.mcsa.org.za
Nuusbriefredakteur	-- Vakant --		
Klimprogram	Teuns Kok	021 887 8278 (h)	uitstappies by ste.mcsa.org.za
Toerusting	Paul Verhoeven	021 887 4113 (h)	toerusting by ste.mcsa.org.za
Kommunikasie	Peter-Jan Randewijk	021 883 8592 (h)	pjrandewijk by gmail.com

Persone met spesifieke take:

Eiendom	Gerhard van Wyngaardt	083 233 4927	Gerhardmcsa by gmail.com
Klub sleutels	Paul Verhoeven	021 887 4113 (h)	KANA, Helderbergstraat 16

Die bestuur is ook per faks bereikbaar. Ons sal jou faks boodskap per e-pos ontvang. Die faksnommer is 086 628 5477.

Let wel: Indien jy die bestuurslede per e-pos wil kontak, vervang dan die "by" of "_by_" met "@" in die adresse hierbo. Dit geld vir alle e-pos adresse in die omsendbrief vermeld.

NUTTIGE KONTAKNOMMERS

BKSA Kaapstad Afdeling Kantoor:	021 465 3412
WKNBR Jonkershoek Kantoor:	021 866 1560
Jonkershoek Reservaat bestuurder	Patrick Shone 082 467 0405
Bergredding: Metro *Call Centre* in Johannesburg !	10177
Bergredding: Metro (wat WSAR sal kontak)	021 937 0300
Nasionale sellulêre foon noodnommer	112

Cape Nature: http://www.capenature.org.za/Bookings/html/bookings.html
Indien probleme ondervind word met die webwerf gebruik die telefoonnommer vir plekbesprekings 021-6593500 of stuur epos: bookings by capenature.co.za. Vir mense wat probleme ondervind om 'n bespreking by Cape Nature te maak, kontak direk vir Donna Laloux (*Call Centre* Manager) vir vinnige flink diens. Haar kontak besonderhede is:
dlaloux _by_capenature.co.za; 021- 6593411; 086 528 9681.

einde van omsendbrief No 262
versorg deur PV en WM